OMGEWINGSIMFAKTBEOORDELING OPENBARE DEELNAMEPROSES

SONLIA VRUGTE PAKHUIS
VOORGESTELDE UITBREIDINGSONTWIKKELING

op Ongeregistreerde Gedeelte 5 van Plaas 128, naby Wellington, Drakenstein Munisipaliteit, Wes-Kaap Provinsie

Over the Moon Consulting CC (OTM) is aangestel om die Omgewingsimpakbepaling (OIB)-aansoekproses namens Sonlia Vrugte Pakhuis (Sonlia) te onderneem vir die uitbreidingsontwikkeling van hul bestaande bedrywighede, insluitend alle gepaardgaande infrastruktuur, op tans ongeregistreerde Gedeelte 5 van Plaas 128, naby Wellington, Wes-Kaap.

Projek ligging en beskrywing:

Sonlia Vrugte Pakhuis is sowat 5,5 km noord van Wellington op Restant van Plaas 128, net langs Ou Hermonweg geleë. Bogenoemde projek behels die toevoeging van 'n nuwe koelstoorfasiliteit, nuwe aanlegkamer, nuwe toegangspad (binne van die eiendom) en moontlike verbreding van die huidige oprit/toegangspad na die bestaande pakhuis.

'n Nuwe kleuterskool word voorgestel om voorsiening te maak vir die kinders van werkers by die fasiliteit. 'n Retensiedam/dam of vleilandgebied, gevorm deur 'n aangelegde, erde visuele afskermberm, is ook by die voorgestelde ontwikkeling ingesluit.

Hierdie dokument verskaf **kennis van die vooraansoek proses van openbare deelname vir bogenoemde ontwikkeling op die eiendomme wat tans deur Sonlia Vrugte Pakhuis gebruik word** ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, No. 107 van 1998 (NEMA) en gepaardgaande OIB-regulasies (2014), soos gewysig. Gereguleerde aktiwiteite wat deur die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak kan word, sluit in maar is nie beperk nie tot:

Regulasie 327: Noteringskennisgewing 1 van 2014, Aktiwiteite 27 en 28(ii)
Regulasie 324: Noteringskennisgewing 3 van 2014, Aktiwiteite 4, 12(i)(c) en 18

Die totale ontwikkelingsvoetspoor sluit 'n onderverdeelde deel van Gedeelte 3 van Plaas 128 (La Boroux) in wat met die Restant van Plaas 128 gekonsolideer is om te vorm wat tans na verwys word as Ongeregistreerde Gedeelte 5 van die Plaas 128. Toegang tot die voorgestelde uitgebreide ontwikkeling sal via bestaande paaie wees, d.w.s. Ou Hermonweg.

Die beraamde sentrale punt van die voorgestelde ontwikkeling is 33°34'51.99"S, 19° 0'19.73"O (terreinkoördinate).

Beskrywing van alternatiewe:

Aangesien die projek die uitbreiding van bestaande strukture en die vestiging van nuwe strukture op die Sonlia Vrugte Pakhuis-perseel behels, is daar geen voorgestelde alternatiewe ontwikkelingspersele nie.

Openbare deelname:

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) word hiermee uitgenooi om (skriftelik) te registreer en/of aanvanklike kommentaar, navrae, bekommernisse of geleenthede met betrekking tot hierdie voorgestelde projek te verskaf, **voor of op 13 Desember 2022**.

Om as 'n B&GP te registreer of vir meer inligting kontak OTM by:

haveyoursay@overthemoon.co.za Faks: 086 619 1412 Tel.: 082 464 2874

Neem asseblief kennis: Toekomstige korrespondensie sal slegs aan geregistreerde B&GPe gestuur word.

Sonlia Vrugte Pakhuis perseel waar voorgestelde uitbreidingsontwikkelingsperseel geleë is.